

# 3

## NAOMI EN RUT

### Ons is lief vir almal

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet weet dat God verwag dat ons vir Hom en ons medemenselief moet wees.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet –

- die begin van die verhaal van Rut ken.
- weet dat hulle God en hul medemenselief moet liefhê.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet God met hart, siel, krag en verstand liefhê en mekaar liefhê soos hulle hulself liefhet.

##### **Vaardigheid**

Die kinders en ouers moet hul liefde prakties en sigbaar uitleef teenoor God en medemens, veral in die gesin.

#### **MEER INLIGTING (Rut 1 en 2; Lukas 6: 27-36; 1 Johannes 4: 7)**

In 'n vreemde land met die naam Moab, het 'n pappa met die naam Elimelek, sy vrou Naomi en hul twee seuns gaan woon. Elimelek het siek geword en doodgegaan. Die gesin, Naomi en haar twee seuns, was baie hartseer. Die twee seuns trou toe later met twee meisies van Moab. Hulle was Rut en Orpa. Die mamma, Naomi, en haar twee seuns en hul vrouens het omtrent tien jaar lank gelukkig in Moab gewoon. Naomi het weer 'n hartseer tyd beleef toe altwee haar seuns dood is. Sy bly toe saam met haar twee skoondogters, Rut en Orpa, in Moab, 'n vreemde

land vir Naomi. Toe hoor sy dat dit in haar eie land, Juda, goed gereën het en dat daar weer genoeg koring was. Naomi besluit toe om terug te gaan Juda toe. Haar skoondogters was lief vir haar en het besluit om saam met haar na Juda te gaan. Naomi was lief vir hulle, maar sy het gesê hulle moet liever omdraai en na hul eie families teruggaan en in hul eie land bly. Sy het die Here se seën oor hulle uitgespreek. Hulle het gehuil en wou saam met haar gaan. Na 'n ruk het Orpa besluit om in haar land te bly, en sy het teruggedraai.

### **Lees direk uit die Bybel Rut 1: 16**

*Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."*

Rut was so lief vir Naomi dat sy nie wou teruggaan nie. Sy wou ook die God van Naomi dien en aanbid. Rut is toe saam met Naomi na Naomi se mense in Betlehem in Juda. Terug in Juda het dit beter met Naomi en Rut gegaan. Naomi en Rut het God gedien en Hom aanbid, en God het vir hulle gesorg.

Die getrouheid van Rut teenoor Naomi moet vir ons 'n voorbeeld wees van hoe om getrou te wees aan ons ouers, boeties en sussies. Ons moet altyd vir hulle lief wees, hulle help en aan hulle getrou wees. Ons gesin moet vir ons belangriker wees as maats. Die liefde tussen Naomi en Rut om bymekaar te bly en mekaar in baie moeilike omstandighede in liefde te versorg, behoort vir ons gesin 'n voorbeeld te wees van hoe ons vir mekaar moet omgee. Moet nooit eendag jou oumas en oupas en jou ouers, broers en sussies afskeep omdat jou maats vir jou belangriker as hulle is nie.

### **AANBIEDING**

#### **Jy het nodig**

- Reël met 'n ouer om met gebed te open. Reël dat hy of sy iets sal bid soos: *Ons Hemelse Vader, baie dankie vir ons ouers, gesin, familie en maats. Dankie vir die Bybel, God se Woord, waaruit ons vandag gaan lees. Amen.*
- Bevestig die reëling met persone wat die rolspel gaan doen.
- Klein handdoekie en lakens om twee kinders mee aan te trek vir die rolspel.
- Haakspelde.
- Kleurpotlode.
- 'n A3-muurkaart met Gesang 544: 1 en 3 daarop.
- 'n A3-muurkaart met 1 Johannes 4: 7 daarop:

*Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.*

### **KOM ONS BEGIN**

- Vra vir 'n ouer om voor te gaan in gebed, soos vooraf gereël.
- Open deur Gesang 544: 1 en 3 saam te sing, of lees dit voor.

*Soos die voëltjies van die hemel wat nie ploeg nie, saai of plant;  
so ontvang ons elke dag weer alles uit die Heer se hand.*

*Dis die Heer wat alle lewe veilig in sy hande hou.  
Hy laat leef ons bly en dankbaar – Hy versorg vir my en jou.*

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Laat 'n paar kinders die woorde wat hulle by Les 1 neergeskryf het, vir die klas lees.
  - Jakobus 1: 19-27
  - 2 Timoteus 3: 14-17
- Vra of hulle by hul huishulp, tuinwerker of maats uitgevind het of hulle 'n Bybel het om te lees.
- Vind uit hoe hulle vir diegene wat nie Bybels het nie, Bybels gekry het.
- Kontroleer of hulle die volgende uit hul koppe ken: *Uit die Bybel leer jy God ken – sy liefde, trou en sorg.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Die boek Rut leer ons van 'n gesin met 'n pappa, Elimelek, 'n mamma, Naomi, en twee seuns. Die gesin het swaar gekry. Daar was nie genoeg kos nie, omdat daar droogte in hul land was. Hulle moes wegtrek om kos vir hulself en vir hul diere te kry. Hulle besluit toe om na 'n vreemde land, Moab, te trek.

### **IETS INTERESSANT**

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Naomi en Rut. Die inligting is in 'n storievorm gegiet en kan net so gebruik word.

### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende by die kinders in:

- Rut verlaat haar eie land en haar eie mense.
- Sy gaan saam met Naomi na haar land.
- Rut aanbid ook die God van Naomi.
- Sy bly by Naomi en aanvaar Naomi se volk as haar volk.
- Rut is lief vir God en vir Naomi, haar skoonma.
- Hier leer ons wat God van ons verwag: liefde vir God en liefde vir ons naaste.

### **IETS OM TE DOEN**

#### **Roelspel**

- Daar is vier karakters: 'n ouer as verteller, 'n ma as Naomi, en twee dogtertjies as Orpa en Rut.
- Verduidelik eers die roelspel en help die kinders wanneer hulle hul karakter moet speel.
- Gebruik lakens en handdoeke om die kinders aan te trek – tulband en kleed.

**Verteller:** As gevolg van groot droogte trek Naomi, haar man en twee seuns uit hul land na 'n vreemde land met die naam Moab. Daar beleef Naomi groot hartseer toe haar man sterf. Haar twee seuns trou met vroue van die vreemde land Moab. Na tien jaar sterf Naomi se twee seuns. Naomi het gehoor dat die droogte gebreek is in haar eie land waarvandaan sy gekom het. Sy het besluit om na haar eie land terug te gaan.

**Naomi:** Ek gaan nou terug na my eie land en my eie volk. Rut en Orpa, julle moet teruggaan na jul eie gesinne en families.

**Orpa:** Goed, Mamma, ek sal teruggaan na my eie mense toe, maar ek bly baie lief vir u. (Orpa draai om en loop weg.)

**Rut:** Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; U God is my God.

**Verteller:** Orpa is terug na haar eie land en mense. Rut het saam met Naomi gegaan.

Beklemtoon dit weer: Hier leer ons wat God van ons verwag: liefde vir God en liefde vir ons naaste.

## BY DIE HUIS

### Doen

Laat die kinders –

- die pad soek wat Rut en Naomi moet loop.
- die prent van Naomi en Rut inkleur.
- en hul ouers gaan gesels oor hoe hulle mekaar kan liefhê.
- se ouers hulle help om praktiese voorbeelde neer te skryf van hul liefde vir mekaar.
- se ouers 1 Johannes 4: 7 voorlees en met hul kinders daarvoor gesels: *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.*

### Leer

- Laat hulle die volgende gaan leer:
  - Naomi het saam met haar man en twee seuns hul eie land, mense en geloof verlaat omdat daar 'n groot hongersnood in hul land was.
  - Haar twee seuns het met Orpa en Rut getrou.
  - Haar man en seuns is later dood.
  - Toe Naomi terug is na haar eie land, Juda, het sy vir Rut en Orpa gesê dat hulle moet agterbly – Orpa het gebly, maar Rut het saamgegaan.
  - Rut was lief vir haar gesin.
  - Ons moet ook vir ons gesin lief wees.
  - Ons moet ons liefde bewys met wat ons doen.
- Laat hulle 1 Johannes 4: 7 gaan leer: *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.*

## AFSLUITING

Laat een van die ouers met gebed afsluit.